

Die doel van die lewe

Die doel van die lewe

Dit is seker een van die mees algemene vrae op aarde wat gekoppel word aan: Waaroor gaan dit alles? Waarheen gaan dit alles? Is daar 'n einde aan alles? As die vrae na die algemene publiek gaan is die antwoord: "Weet nie regtig nie". Daar word meer twyfel ontketen deur predikers wat vals antwoorde of trooswoorde deurgee oor alles. Kom ons kyk na 'n geval of wat, en gaan dan oor tot die Skrifte.

Eeue-lank word die mens geskei deur siekte en dood. Sodra dood intree word die agterblywende getroos dat sy geliefde na die hemel is en wel in goeie hande is (*'n man het eendag aan my pa genoem dat jy gerus op grafstene in 'n begraafplaas kan gaan kyk en sien dat daar nie een graf slegte woord oor die afgestorwene is nie, maar net mooi- vertroostende woorde oor hoe 'n mooi mens hy was en dat hy hemel toe is*). Dus word die meerderheid geleer dat daar 'n ewige-lewe anderkant die dood lê en dat hy of sy nou saam met sy mede broer daar in harmonie verewig sal lewe.

Kom ons kyk wat sê die geloofsbelydenisse wat die kerke verkondig: Die **Mormo** sê: Onverganklikheid van die mens. Die Mormone wat verewig in 'n huwelik gaan sal 'n gods-kap ontvang. Hulle sal kinders verwek in ewigheid. Dat daar 'n tweede kans is vir ewigheid. Dat daar 'n tweede kans is vir die reeds gestorwene sondaar is, maar die seuns van die verderf sal ly in die ewige hel.

Die **Rooms Katoliek** sê: Almal wat sterf gaan na 'n plek van strafgerig, maar die lengte van straf varieer. Die getroues wat gesterf het sal vir ewig super kragte ontvang. Die demone, ongedoopte lede en die sondaars sal vir ewig gestraf word.

Die **Jehova getuienisse** sê: Dood is net die vernieling en opbreek van die liggaam sodat reïnkarnasie kan plaasvind. Met Messiahs se tweede koms sal die dode 'n tweede kans kry. Die wat nie weer geïnkarneer het nie sal net ophou bestaan. Daar is geen hel of plek van ewige straf nie. Daar sal net 144 000 getuienisse in die hemel wees en die ander sal op die aarde wees.

Die **Christelike Wetenskaplikes** sê: Dood is 'n illusie, want dit bestaan nie. Geografies is daar geen hel en hemel nie dit is net 'n gedagte. Hemel gee 'n harmoniese situasie. Hel gee 'n sterf gedagte, misgissing, selfverwynt en self vernieling.

Die **Sewedaags Adventiste** sê: Alle siele slaap in die doderyk met geen bewussyn. Die wat op die dag van oordeel regverdiging vind sal onsterflikheid ontvang. Die skuldiges sal gehele vernietiging ontvang. M.a.w. Geen bestaan. Die hel sal ook saam met die skuldiges vergaan en nie meer bestaan nie.

Die Yashar'EL groepe sê: 1000 Jaar vrede met YAH as Koning. Na 1000 jaar sal die dode opstaan en verskyn voor die regterstoel tot oordeel voor VADER. Die onskuldiges sal die ewige-lewe beërwe.

Met die leringe kan ons sien hoekom die uitverkore so deurmekaar is weens dié misleidinge.

Kom ons kyk wat die Skrifte vir ons deurgee:

Joh. 6: 39,44 *En dit is die wil van die VADER wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. :44 Niemand kan na My toe kom as die VADER wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.* Hoor jy die 'wil' van VADER? Dat YAHUSHA dit wat Hy ontvang het verewig Syne is en nie sal verloor nie.

Pred. 12 : 6, 7 Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruike stukkend val en die kruik by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put val :7 en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God VADER terugkeer wat dit gegee het. Wat bly oor? Is dit nie die siel nie! Dus het VADER die siel van die mens aan YAHUSHA gegee, en daardie siel is bestem vir die ewige.

Joh. 16:15 Alles wat die VADER het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.

Dan. 12 vers 2: En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryflik. Die woorde is skrikwekkend of verblydend, nou is die vraag in watter kant assosieer jy jouself?

Job stel dit so in 18:5-7 Ja, die lig van die goddelose bese gaan dood, en die vlam van sy vuur bly nie flikker nie. :6 Die lig in sy tent word duisternis, en sy lamp bo hom gaan dood. :7 Sy geweldige treë word ingekort, en sy eie plan gooi hom omver.

Job 18:14 Weggeruk word hy uit sy tent, die voorwerp van sy vertrouwe; en dit laat hom aanstap na die koning van die verskrikkinge. :15 Daar woon in sy tent iets wat hom nie toebehoort nie; swawel word gestrooi oor sy woning. :16 Onder verdroog sy wortels, en bo verwelk sy tak. :17 Sy gedagtenis vergaan van die aarde af, en hy het geen naam op die wye veld nie. :18 Hulle stoot hom uit die lig in die duisternis, en uit die wêreld verjaag hulle hom.

Nou kom die vraag in *Job 38:17 Is die poorte van die dood vir jou ontbloot? En het jy die poorte van die doodskaduwee gesien?*

Wees dus opmerkzaam en neem 'n besluit voordat dit te laat is.

Ek sluit met die dood in Hos. 13:14 wat verkeerdelik deur gegee word nl.:
Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf? Berou bly vir my oë verborge.

As ons na die King James en God's Woord Skrifte kyk gee hulle dit so deur:
 In die K.J. Hos. 13:14 *I will ransom⁶²⁹⁹ them from the power^{4480, 3027} of the grave;⁷⁵⁸⁵ I will redeem¹³⁵⁰ them from death:^{4480, 4194} O death,⁴¹⁹⁴ I will be¹⁶⁵ thy plagues;¹⁶⁹⁸ O grave,⁷⁵⁸⁵ I will be¹⁶⁵ thy destruction:⁶⁹⁸⁷ repentance⁵¹⁶⁴ shall be hid⁵⁶⁴¹ from mine eyes.^{4480, 5869}*

G.W. Hos. 13:14 *"I want to free them from the power of the grave. I want to reclaim them from death. Death, I want to be a plague to you. Grave, I want to destroy you. I won't even think of changing my plans."*

Dus met die Engelse weergawe is dit die teenoorgestelde van die Afrikaanse. Ons moet dit as volg dan verstaan:

Ons word vrygekoop van die krag wat die graf deurgee. Ons word deur VADER herroep / herwin na dood ingetree het. VADER sal soos 'n plaag vir die dood wees waarvan HY die dood in totaliteit gaan vernietig. VADER sal in geen omstandigheid van SY plan verander nie.

Nou sluit ons af met die vraag van bo nl.: Waaroor gaan dit alles? Waarheen gaan dit alles? Is daar 'n einde aan alles?

Tans is alle lewe op aarde op-pad na die dood waarvan die dood eendag gaan boet daarvoor. Die wat glo in die lewe na die dood weet reeds baie, want die graf en die dood "van die lewe op aarde" is die geboortedatum van die ewige daarna (*Dus is daar 'n einde tog 'n begin*).

Die eerste vraagstuk waaroor dit alles gaan is nie maklik vir baie om te verstaan nie, maar tog voor die hand-liggend. "Die dood is 'n verborge skat". Kom ons lees in Jes. 45:3-7 *En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die ~~HERE~~ VADER is wat jou by jou naam roep, die ~~God~~ SKEPPER van ~~Israel~~ Yashar'EL; :4 ter wille van Jakob, MY kneg, en ~~Israel~~ Yashar'EL, MY uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou 'n erenaam gegee, hoewel jy My nie geken het nie. :5 Ek is die ~~HERE~~ VADER, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen ~~God~~ Skeppers nie; Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie, :6 sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is die ~~HERE~~ VADER, en daar is geen ander nie; :7 wat die lig formeer en die duisternis skep, die ~~heil~~ redding bewerk en die onheil skep: Ek, die ~~HERE~~, VADER is dit wat al hierdie dinge doen.*

Hoor en verstaan julle die woorde wat VADER daar gespreek het?

‘n Eenvoudige vergelyking is nl.: Jou geboorte op aarde was weens die toedoen van jou biologiese pa. Jou pa se geboorte was sy biologiese pa waarvan sy pa (*Jou oupa*) dieselfde pad geloop het. Glo dit of nie, maar so kan jou bloedlyn teruggevoer word na Adam. Ons lees oor YAHUSHA se bloedlyn in *Luk 3:38 die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God VADER*. YAHUSHA het op Sy beurt genoem dat Hy ‘n Seun van Abraham was: *Matt. 1:1 Die geslagsregister van Jesus Christus, YAHUSHA dié Nasaréner, die seun van Dawid, die seun van Abraham*: So het YAHUSHA telkemaal genoem het dat ons Sy broers was: *Matt. 12:50 Want elkeen wat die wil doen van My VADER wat in die hemele is, dié is My broer en suster en moeder*. Die verwysing van broer in die Strongs is: G80 αδελφός / Adelfhos / *ad-el-fos'* / From G1 (as a connective particle) and δελφύς delphus (the *womb*); a *brother* (literally or figuratively) near or remote (much like [H1]): - brother.

Toe YAHUSHA dié gebed gestel het, hoe daar gebed moet word, het Hy Homself ingesluit nl. in: *Matt. 6:9 Só moet julle dan bid: Onse VADER wat in die hemele is, laat U Naam geheilig gereinig word;*

Nou met die wete dat ons kinders van die Allerhoogste is sal ons verstaan wat HY in *Jes. 45:3* vir ons deurgee: *En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die ~~HERE~~ VADER is wat jou by jou naam roep,*

Om die donkerheid te verstaan is dat VADER sal die rykdom van misterieë skenk wat beteken: Iets onbegryplik en onverklaarbaar vir andere m.a.w. geheimenisse, en dit is dat jy ‘n biologiese “kind” van VADER is!

Ek sluit met die doel van die lewe wat ‘n verborge skat is.

Spr.16:4 Alles het YAH gemaak vir Sy doel. *Matt.11:29* Leer van YAHUSHA en vind rus vir julle siele. *Matt.5:19* Doen en leer die gebooië. *Open.12:17* Dus bewaar die gebooië van VADER en die getuienis van YAHUSHA dié Gesalfde (*Open. 14:12*). *Open. 22:14* Ja gered is die wat SY gebooië doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

Hoor al die woorde geagte leser en plaas dit as ‘n riem onder die hart. Weet dat my en jou doel om te lewe is YAHUSHA en dié VADER. Ons moet ‘n begeerte hê om terug huis-toe te gaan waar ons Koning en VADER vir ons wag. Ons begeerte moet nie die ‘dood en die graf’ wees nie, maar dit eerder sien as die deur na ons huis waar ons geliefde familie reeds is.

Dus kan niks op aarde jou bevrees of beangs maak nie, maar eerder verbly in daardie versekerde werklikheid.

Bedink dit.